Association for the Education & Care of Young Children
Vereniging vir Voorskoolse Opvoeding en Sorg

Nuusbrief
Maart 2020

COVID-19: SOSIALE AFSONDERING IS `N GELEENTHEID OM KONTAK TE MAAK OP VERDERE VLAKKE

Op Sondag 15 Maart 2020 het ons almal se dag-tot-dag bestaan verander toe die staatspresident ‘n tydperk van afsondering, en later die grendelstatus, afgekondig het en VKO sentrums en skole planne moes maak om hul deure binne slegs ‘n dag of wat te sluit.

Nie alleen het dit ons ontneem van ons daaglikse rede vir opstaan en werk toe gaan nie, maar ook die baba’s en kleuters in ons sentrums moes oornag aanpas sonder hul maatjies en sonder hulle tweede ‘mamma’ by die skool wat vir 'n groot deel van die dag ‘n voorbeeld van liefde, veilige hawe en omgee vir hulle is.

Aan die einde van hierdie maand, die einde van 'n kwartaal, kyk ons terug en is ons dankbaar vir geleenthede waar ons steeds kon leer en vroeë kinderontwikkeling kon bevorder aan diegene bemoeid en betrokke by die jong kind en die VVOS.

Ons is dankbaar vir Februarie se werkswinkel: *Lesson planning: A jail or a joy?* Saartjie Viljoen, bestuurslid van die VVOS, se aanbieding het almal teenwoordig toegerus. Elke onderwyser wat bygewoon het is met ‘n geruste hart daar weg - met die wete dat sy met vreugde haar dagtake en beplanning kan doen.

Ons is dankbaar vir die VVOS Seminaar van 7 Maart wat so suksesvol was - die formaat en aanbieding was van hoogstaande gehalte en was daar groot lof en waardering vir die gekose onderwerpe nl:
The effect of a passive lifestyle and excessive screen time on the development of babies and young children; en *The young child with emotional challenges*.

Beide die bg. onderwerpe leen hulself tot nog baie opleidingsgeleenthede, gesprekke en werkswinkels.

Twee radiogesprekke het ook hieruit voortgevloei en is die VVOS se stem en hart ook hier gehoor. Baie dankie aan Anelize wat saam met myself en Lize hier die VVOS se passie en visie oorgedra het.

Ons kyk vorentoe vol verwagting en met hoop in ons harte dat ons die uitdagings van 'n veranderende wêreld die hoof sal kan bied. Die uitdaging bly om die geleentheid aan te gryp om opnuut jou eie kinders se harte te leer ken deur die tyd as inhaaltyd te gebruik. Ons as onderwyseres-mammas kry ook kans om opnuut ons huise 'n tuiste te maak waar almal graag wil wees.

Ons kry nou geleentheid om die waarde van elke kinderlaggie en drukkie te waardeer. Afgesien daarvan dat ons daarna verlang, hou dit ons staande in die tydperk van Maart en April 2020.

Ons kyk boontoe en is dankbaar dat ons weet waar ons hoop en Anker lê.

Ons laaste danksegging is vir almal wat deel vorm van die VVOS - bly steeds verbonde deur te affilieer as skool/ sentrum of individuele persoon; veral nou in hierdie tyd. Só weet jy verseker dat jy inligting en idees direk gaan ontvang.
Sluit aan by die VVOS en wees deel van ons familie vir inspirasie tot gehalte opvoeding en sorg, bystand en morele ondersteuning in hierdie tyd.

Ons deel graag met julle toepaslike aktiwiteite wat julle jul eie kan maak en met die ouers kan deel. Ons nooi elke onderwyseres om steeds die kommunikasie-kanaal met haar klasgroep en kleuters oop te hou.

Dankie aan die VVOS-bestuur wat, ten spyte daarvan dat hulself mammas en vroue is, steeds ons passie en hartklop bly deel tot voordeel van die groter prentjie en ons roeping. Julle word waardeer.

Ons sal verdere inligting en skrywes via e-pos aan julle stuur. Skakel gerus die kantoor - ons hoor graag hoe ons kan help en behulpsaam kan wees.

VVOS-groete
Mariëtte

Today’s child is our nation’s future

Die kleuter van die hede is die nasie van die toekoms

Maak kontak met die VVOS:

Telefoon:
012 667 2028
E-pos:
info@vvos.co.za
Webblad:
www.vvos.co.za
Sosiale Media:
WhatsApp:
066 253 8655
Facebook:
@vvos
@aecyc
Instagram:
AECYC_VVOS